

Maandag

1 Joh. 4: 7-21; 5:1-2; Open. 17:3-6; 19: 1-10. Teks 19:9 Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooit is. Tema. "God verheerlik homself deur sy kerk se liefde." In Opgb 19 oordeel God oor liefde. Die wyse waaroor God oor liefde oordeel word uitgebeeld met die verskil tussen hoe God verskillende oor die prostituut van hierdie wêreld (die sondige wêreld se liefdes) en oor sy kerk se liefde oordeel. In vers 2 word gestel dat God waar en reg optree deur die prostituut te veroordeel vir haar sedeloosheid wat nooit liefde was nie. In verse 8 en 9 word die teenoorgestelde besluit van God weergegee: Hy verheerlik Homself deur die liefde, die regverdige daad van sy kerk, waarmee Hy hulle beklee het, deur saam met hulle 'n bruilofsfees te vier. Die sondige wêreld se liefde is niks anders as die korrupsie van liefde nie. Dit is die verleiding om mag as ware liefde te glo, te voel en uit te leef en só liefde korrup te maak. (vers 2) God veroordeel die wêreld en sy korrupte liefde deur hulle vir ewig te veroordel. Hierdie veroordeling van korrupte liefde deur God is waar en reg. (vers 2) God se veroordeling van die sondige wêreld se verheerliking van mag asof dit liefde is, ontbloot die slagspreuk waarmee die wêreld teen God in opstand is: liefde is net liefde, en niemand mag oor liefde oordeel nie, kant en klaar. Hierdie slagspreuk is 'n woedekreet teen God self. Christene dink en voel dat hierdie slagspreuk teen hulle as kerk gerig is so asof dit bedoel is om Christene uit te wys as liefdelose en veroordelende mense. Egter, hierdie slagspreuk van die moderne wêreld, "liefde is net liefde!", is teen God self gerig. Hierdie slagspreuk is 'n magspreuk wat verklaar dat God nou net vir een keer en finaal moet aanvaar dat liefde is net liefde en dat God moet ophou om oor hulle liefde 'n oordeel te vel. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za ds. Petrus.

Dinsdag

1 Joh. 4: 7-21; 5:1-2; Open. 17:3-6; 19: 1-10. Teks 19:9 Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooit is. God laat sy bruid se liefde vir Hom die ware liefde wees wat Hom as God verheerlik. Dit word in Opgb.19: 8 só gestel: "God het haar dit vergun om fyn helder blink klere aan te trek." Net soos 'n bruidegom vir sy bruid haar trourok koop, net so koop die Here die fyn, helder blink klere wat sy kinders dra. Johannes verduidelik self wat is hierdie klere: dit is die regverdige daad van die gelowiges. In die Grieks is die woord wat hier as gelowiges vertaal is "die heiliges". Die Here se heiliges verheerlik Hom as Here met regverdige daad. Dit is, hulle verheerlik Hom met liefde wat reg en volkome is, soos liefde reg en volkome volgens God se wet moet wees. Dit stel Johannes dan ook in 1 Joh.5: 3 só: "Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy geboorte gehoorsaam." Hoe koop God hierdie bruidskrok vir sy kerk, liefde wat vir Hom reg en volkome is? Hy doen dit deur die Lam wie se bruilofsfees dit is. Die Here koop hierdie rok deur sy bloed. Dit word in Opgb só gestel: 1 "omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie." 5:9; 2. "Hulle is onder die mense losgekoop as eerstelinge vir God en vir die Lam." 14:4 Hulle losgekoop deur en ook gewas in die bloed van die Lam. Dit is hoe hulle wit klere aan het. "Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam." 7:14 Ons is die Here se

kerk, sy bruid, wie Hy gereed gemaak het vir sy bruilofsfees deur ons liefde in Christus heilig en reg te maak vir Hom. God laat Hom as God verheerlik deur hierdie liefde waarmee Hy ons beklee. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Woensdag

1 Joh. 4: 7-21; 5:1-2; Open. 17:3-6; 19: 1-10. Teks 19:9 Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooit is. In Opg. simboliseer die beeld van die prostituut die sondige wêreld met hul liefde vir goddelike mag en simboliseer die beeld van die bruid die Here se kerk wat Hom volgens sy wet lief het. God veroordeel die liefde van die prostituut en laat Hom verheerlik deur die liefde van sy bruid! 'n Bruilofsfees vir sy bruid! 'n Bruidegom vir sy bruid! 'n Regter vir die prostituut en ewige verdoemenis en verwerping van die prostituut! God onderskei tussen die liefde wat die wêreld vir Hom het en die liefde waarmee Hy sy kerk beklee om Hom mee lief te hê. God laat Hom verheerlik deur die liefde van sy kerk en God verwerp die liefde waarmee hierdie wêreld Hom liefhet. Die wêreld se liefde vir God is vir God as God 'n vernedering. Hulle liefde verneder Hom asof Hy 'n afgod is. Die wêreld se liefde wat hulle propageer as liefde wat net liefde sou wees, is die verleidelikheid van die blink vrou van Opg 17. Hierdie blink vrou gee altyd voor dat sy God se geliefde vrou is, sy eintlike ware liefde. Met die magsimbole waarin sy haarself beklee, gee sy voor dat sy deel is van die mag en krag van God self. Sy gee voor dat God haar bemagtig met sy krag, mag, lewe, wil en drome. Met Edelgesteentes vertoon sy dat sy die mag en krag van God verteenwoordig. En met haar gouer beker vol onsedelikheid, vier sy haar sonde as liefde vir God! Dit is wat sy vandag met hierdie slagspreuk demonstreer: haar sedeloosheid is liefde, want liefde is net liefde! God verwerp hierdie wêreldse liefde vir God. Hy laat Hom net deur sy bruid, sy kerk se liefde verheerlik, nooit deur die liefde van die prostituut nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus.

Donderdag

1 Joh. 4: 7-21; 5:1-2; Open. 17:3-6; 19: 1-10. Teks 19:9 Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooit is. God laat Hom nie verneder deur die sedeloosheid van hierdie goddelose wêreld wat hulle voorhou as hulle liefde vir God nie. God verwerp hierdie tipe liefde wat geregverdig word met die slagkreet teen Hom: "liefde is liefde!", en veroordeel dit met die ewige verdoemenis. In hierdie veroordeling is God reg en regverdig.(19:2) Want net soos die sedeloosheid waarmee 'n prostituut 'n man verneder om in haar sedeloosheid kamstig weer soos 'n ware man te voel, net so wil hierdie wêreld met God maak. Hulle wil God weer die geleentheid gee om deur hulle innigheid met sy krag, mag en lewe, weer vir 'n slag soos God te mag voel en lyk in hulle leefwêreld. Hierdie prostituut glo haar liefde kan God weer die magtige God van hulle wêreld maak deur sy koninkryk deur haar te laat kom; Sy glo haar liefde kan weer vir God soos God laat lyk deur God se beeld in haar magtigheid vir die wêreld te vertoon; Sy glo haar liefde kan God weer die gevoel gee dat Hy 'n liefdevolle en betekenisvolle God is deur in haar lewe en hart te

leef. So moet God Homself die afgod laat maak wat die wêreld wil hê, om nog in hierdie hulle wêreld 'n plek te kan hê. Hy mag Homself nog net as die kragtige, magtige, lewende en betekenisvolle afgod vind in hierdie wêreld van die magtige goddeloses. Daarom is dit reg dat God hulle liefde veroordeel! Hy is God, nie hulle afgod nie. God maak Homself nie goedkoop met liefde wat nooit liefde kan wees nie. God verneder Homself nooit om in mense sy krag, mag, en lewe te moet vind asof hulle Hom maak wat Hy is nie. God is nie die afgod in mense se lewe nie. God is God! Hy laat Hom net verheerlik deur die liefde waarmee Hy self sy bruid bekleed! Sy kerk! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus.

Vrydag

1 Joh. 4: 7-21; 5:1-2; Open. 17:3-6; 19: 1-10. Teks 19:9 Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is. Die nagmaal is 'n teken dat ons uitgenooi is na die bruilofsmaal van die Lam. Dit is soos die uitnodigingskaartjie na 'n bruilof. 'n Uitnodigingskaartjie is eintlik net die bevestiging dat, omdat die persoon deel van die familiekring is, daardie persoon ingesluit is by die fees en sy plek gereed is. Só is die die nagmaal 'n versekering dat, omdat ons in Christus ingesluit is, ons ingesluit is in die bruilofsmaal van sy kerk. In die geestelike bedryf van vandag moet ons goed onderskei tussen die beker van die Here en die goue beker van die sedelose vrou: neem ons die beker van die Here op of gaan ons vir die Here 'n goue beker aanbied met die gebruik van die nagmaal? Gaan ons vir die Here die goue beker aanbied waarmee ons vir Hom die geleentheid gee om weer soos 'n ware god te wees en te voel? Met hierdie goue beker gee ons aan Hom ons hart en lewe waarin Hy met ons sy krag en mag, sy lewe en drome kan kom deel, sodat Hy deur ons weer 'n plek in hierdie wêreld kan kry! So maak die geestelikes ons in die nagmaal die prostituut wie God vir haar liefde veroordeel het omdat sy God met hierdie goue beker 'n afgod maak. In hierdie nagmaal verklaar ons met ons goue beker wat ons God aanbied – liefde is liefde, en Hy moet dit aanvaar! Ons as kerk gee nie vir God 'n goue beker, ons hart en lewe waarin Hy weer soos 'n god moet kom wees nie. Hy gee vir ons die beker met die bloed van die Lam: Hy verseker ons met sy beker dat ons gewas is en gekoop is deur bloed van die Lam. Ons is bekleed met liefde wat Hy vir Hom reg en volkome laat wees volgens sy wet: ons dra die fyn helder blink klere, die geregtigheid en heiligheid waarby Hy ons insluit en ons mee bekleed! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus